

Woensdag 21 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 17:1-18

Fokusgedeelte: Openbaring 17:1-3

Ware kerk teenoor die valse kerk

Een van die sewe engele kom na Johannes sodat hy die oordeel kan sien van die groot hoer wat op die baie waters sit (vs 2). Hierdie vrou is verleidelik en het 'n goue beker vol losbandigheid, onreinheid en onsedelikheid. Losbandigheid dui op die gruwels van die afgodsdienste. Net soos die Romeinse straatvrouens van destyds het sy haar naam op haar voorkop gedra: "Groot Babilon, die moeder van sedeloses en van die losbandigheid op die aarde."

Hoe word die vrou beskryf? Sy is 'n sedelose vrou (AFR53 – hoer). Die profete van die Ou Testament het so dikwels die woord "hoerery" gebruik as Israel afgode gedien het en so die verbond met God verbreek het. Verder sit sy op baie waters, dit beteken dat sy onderhou word deur die volkere van die wêreld. Sy ry op die eerste dier van Openbaring 13, wat beteken dat sy op die antichristelike staatsmag ry en dat die hele volkerewêreld met die oewerspel van hierdie vrou te doen het. Teen die einde gaan hulle self teen haar draai en haar haat en kaal en verlate laat (vs 16).

Hierdie sedelose vrou (hoer) is nie die vrou van Openbaring 12, die kerk van die Here, nie. Daar is baie duidelike verskille indien u die twee hoofstukke vergelyk, maar ook ooreenkomste. Hierdie vrou van Openbaring 17 is die valse kerk. Vers 6 beskryf haar as dronk "van die bloed van die gelowiges, van die bloed van die mense wat vir Jesus getuig het". Deur die eeue het die valse kerk miljoene der miljoene gelowiges gedood. Van die mees aaklige wyses om mense dood te maak, is deur die valse kerk gedoen. Lees gerus Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die merktekens van die ware en die valse kerk.

Christus het gekom om ons sondes te betaal. Wat 'n duur prys het hy nie betaal nie. Hy kom egter weer, maar dan om te oordeel (vs 14). Die ware kerk, sy uitverkorenes, sal vir ewig by Hom wees, maar die valse kerk, die ongelowiges, Satan, die Antichris, valse profeet, dood en doderyk sal gegooi word in die poel van vuur wat vir ewig sal brand.

Sing: Skrifbelydening 5:1, 2

Ds. PA Coetzee (Peet) (emeritus)